

13 Junie

**Skrifgedeelte: Esra 1 en 2
Fokusgedeelte: Esra 1:5-11**

Momentum

Esra 1 en 2 beskryf hoe God meer as 50 000 mense in beweging bring om sy tempel in Jerusalem te herbou. Eers bring Hy Kores in beweging om 'n proklamasie uit te vaardig (1:1-4). Dan bring Hy die familiehoofde, priesters en Leviete in beweging om te gaan bou (1:5). God bring selfs hierdie mense se bure en vriende in beweging om alles wat vir hulle reis, lewensonderhoud en die bouwerk nodig is, te skenk (1:6). Uiteindelik kom ook die 8 136 trekkere in beweging (1:66-67).

Sommer so, amper vanselfsprekend, gebeur hier 'n wonderwerk wat die wêreld en sy geskiedenis ingrypend raak. Die beweging wat God hier aan die gang sit, loop uit op die vervulling van sy beloftes: Israel word in hulle land hervestig; die Messias uit die geslag Juda word in Betlehem gebore; Hy word gekruisig, begrawe en staan op uit die dood; Hy versamel vandag nog sy uitverkorenes uit alle volke, tale en nasies. Die Koninkryk van God kom, onstuitbaar in momentum!

En tog is die momentum wat God bewerk nie chaoties nie. Elke mens, elke dier, elke voorwerp, elke dingetjie word getel en hertel (1:9-10). Iewers in die momentum van God se reuse koninkryk staan jou naam ook geskrywe. Jy is deel van God se momentum in hierdie wêreld wat sal uitloop op die finale koms van sy volmaakte koninkryk. Daarom wil God ook vandag sy momentum in en deur jou lewe voortsit. Jy het seker al jou seëninge getel? Hertel hulle vandag. Hoekom is daar elke keer meer? Dis momentum!

Sing: Psalm 139:9

Dr WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)